
BOIKANYO SOLAR

# KWARTAAL 3 2023 NUUSBRIEF





## ALLE VROUE IN BESIGHEID-BEMAGTIGINGSINISIATIEF – **ONDERNEMINGSONTWIKKELINGSPROGRAM**


As deel van Boikanyo Solar se voortgesette pogings om trots by jong meisies te kweek, het ons gedurende die kwartaal ons menstruasie-inisiatief suksesvol bekend gestel.

Ons het vier muntoutomate vir sanitêre doekies in ons vier plaaslike begunstigde hoërskole van Bongani, Douglas, Weslaan en Riverside geïnstalleer. Vir die volgende 12 maande sal hierdie muntoutomate verseker dat daar maandeliks 1 800 pakkies sanitêre doekies vir ons jong meisies beskikbaar is.

Hierdie inisiatief sal die kwessie van maandstonde-armoede hanteer, terwyl daar verseker word dat ons jong meisies op skool hou sodat hulle nie 'n enkele les misloop nie. Voorts het ons 'n vennootskap met 'n plaaslike diensverskaffer van Douglas gesluit om te verseker dat die masjiene se voorraad aangevul word om sodoende die volhoubaarheid en impak van hierdie inisiatief te verbeter.

"Ons glo dat die verskaffing van toegang tot sanitêre doekies 'n fundamentele stap is om jong meisies te bemagtig en hulle in staat te stel om hulle volle potensiaal te bereik." - **Lesego Moisane, Boikanyo Solar GSB.**



## ONS STEL ONS **GEMEENSKAPSBEDRYWIGHEDE-INTERN VIR JEUGVAARDIGHEIDSONTWIKKELING** BEKEND

Ons is opgewonde om Charlein Pienaar, ons nuwe intern vir gemeenskapsbedrywighede, bekend te stel. Charlein is 'n trotse lid van die Douglas-gemeenskap en sien daarna uit om haar gemeenskap oor die volgende 18 maande as deel van die Gemeenskapsbedrywighede-internskapontwikkelingsprogram te dien. Sy sal 'n geakkrediteerde sertifikaat in Gemeenskapsontwikkeling aan die einde van haar dienstydperk ontvang.

Charlein is in Breipaal gesetel en 'n gegradueerde van die Noord-Wes Universiteit. Sy het 'n graad in Bevolkingstudies en het 'n passie vir gemeenskapsontwikkeling.

"Ek is so dankbaar vir die geleentheid en gereed om die taak te verrig om tot die ontwikkeling van die gemeenskap by te dra. Ek kom tog uit die Douglas-gemeenskap, ek het die Douglas-ervaring beleef en weet wat my gemeenskap die nodigste het." **– Charlein Pienaar.**

Ons sien daarna uit om haar positiewe impak te sien op die gemeenskap wat sy so goed ken.

## BESTENDIGE VORDERING MET **PRAKTISYNSOPLEIDING – VKO-PROGRAM**

Ons 16 begunstigde vroeëkinderjare-ontwikkelingspraktisyns (VKO-praktisyns) toon merkwaardige vordering met hulle opleidingsreis. Gedurende die kwartaal het hulle as deel van hulle opleidingsprogram van 12 maande summatiewe en formatiewe assesserings in sewe eenheidstandaarde suksesvol afgehandel.

Aan die einde van die opleidingsprogram van 12 maande sal die praktisyns NKR-vlak 4 VKO-praktisynskwalifikasies verwerf. Ons wens ons begunstigde praktisyns die beste met die res van hulle opleiding toe.






## ALLE VROUE IN BESIGHEID-BEMAGTIGINGSINISIATIEF – **ONDERNEMINGSONTWIKKELINGSPROGRAM**

Ons is trots om ons Alle Vroue in Besigheid-bemagtigingsinisiatief as deel van ons ondernemingsontwikkelingsprogram bekend te stel. Dit is daarop gemik om 50 aspirant- vroulike entrepreneurs in hulle sakeondernemings te bemagtig en te ondersteun.

Ons is daartoe verbind om deelnemers by te staan en aan hulle nakomingsdokumentasie vir beginnerbesighede te verskaf. Dit sluit KMIE-maatskappyregistrasies, BSEB-sertifikate, belastingklaringsertifikate, nuwebesigheid-bankrekenings, registrasie op die sentrale verskafferdatabasis, opleiding vir besigheidsontwikkelingsondersteuning en sakeplanne vir beginnerbesighede in.

"Ons missie is om die weg vir hierdie vroue te baan om hindernisse te oorkom, en om te verseker dat hulle die nodige grondslag het om in die sakewêreld te floreer." **- Lesego Moisane, Boikanyo Solar GSB.**


Belangstellende begunstigdes van die Siyancuma Plaaslike Munisipaliteit moet die Boikanyo Solar-webwerf besoek en die porboodskappe volg om aanlyn voorleggings te maak: www.boikanyosolar.co.za/applications

## 2023 GEMEENSKAPS-**VERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Boikanyo se aanlynplatforms deurgegee word.

## KWARTAALIKSE **UITEENSETTING**

- Alle vroue in besigheid
- Girl Pride
- Jeugvaardigheidsontwikkeling
- Onderwys




## KONTAK **ONS**

**Fisiese Adres**
Boikanyo Solar Site

**Kantoorure**
Maandae to Vrydae: 08:30 – 17:00

**Gemeenskap Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com